

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ons wil almal vir onself rykdom skep. Ons wil almal genoeg geld hê vir 'n sorgvrye aftrede. Ons wil almal so min moontlik belasting betaal. Veral ná aftrede.

Ek het bietjie gaan dink oor so 'n plan. Ek deel dit graag met lesers.

Spaar nou vir 2023-belastingjaar

Maar eers die nuus. As jy die belastingvoordele van 'n uitree-annuïteit (UA) en die belastingvrye spaar wil benut vir die 2023-belastingjaar moet jou bydraes in betaal wees vóór die einde van Februarie.

Maak eers gou 'n knoop in jou geldsakdoek dat jy die afsnydatum nie mis nie en lees dan verder.

Ek bespreek kortliks die produkte wat ek voorstel en dan oor hoe hulle mekaar kan aanul om vir jou 'n belastingvoordeel op jou oudag (en by dood aan boedelbelasting) te verseker.

Uitreeannuïteit (UA)

Of jy lid is van 'n werkgewer-aftreefonds of nie, 'n UA is die mees belastingvoordelige produk om in te spaar vir aftrede.

Jy het die voordeel dat jou premie aftrekbaar is vir belasting tot die minste van 27,5% van óf jou salaris óf belasbare inkomste of R350 000 per jaar. Dis groot.

As jy belasting betaal teen 30% beteken dit dat jy 'n R1 000-spaarvoordeel kry vir elke R700 wat jy belê. Dit is R300 pasella.

En die groei is heeltemal vry van belasting. Daar is geen inkomstebelasting op rente wat verdien word nie, geen dividendbelasting op dividende nie en geen kapitaalwinstbelasting (KWB) op die verhandeling in aandele nie.

Dit is eweneens groot. Jy kry nie net belastingvrye groei op jou werklike bydraes nie, jy kry ook belastingvrye groei op die pasella-gedeelte waarna ek hierbo verwys.

My raad is om die beste van die geleentheid te maak deur die maksimum aftrekbare bedrag per jaar in 'n UA te spaar.

Belastingvrye spaar

Teen hierdie tyd het almal seker gehoor van belastingvrye spaar.

Die premie is nie aftrekbaar vir belasting soos in die geval van 'n UA nie, maar net soos in die geval van 'n UA is die opbrengs in die belegging vry van belasting.

Die wet laat (tans) toe dat jy R36 000 per jaar mag spaar met 'n perk van R500 000 oor jou leeftyd. Moenie probeer om meer te spaar nie, want jy gaan teen 40% belasting beboet word op alles meer as R36 000.

Daar is geen perk op die waarde van die belegging self nie, dis net jou bydraes wat beperk is.

Dit sê vir ons die belastingvrye spaar is 'n langtermyn-spaarprodukt sodat wanneer jy jou R500 000 gespaar het, jy maksimum groei (beleggings het tyd nodig om te groei) daarop kan kry.

Dit is nie 'n produk waaruit jy kort-



Op soek na dié aftreeplan? Hier is hy nou!

Die doel: Skep van rykdom en betaal so min belasting moontlik

kort geld moet onttrek nie. Jy kan dit nooit weer terugsit nie.

Spaarpolis

Vir diegene wat reeds in 'n hoë-inkomstebelasting-kategorie val en reeds hul maksimum voordeel uit die twee produkte hierbo haal, sal ek 'n polis aanbeveel eerder as 'n direkte belegging.

Die premies is ook nie aftrekbaar nie, maar die groei in 'n polis word belas teen 30% op inkomste (byvoorbeeld rente) en 'n maksimum van 12% op die verhandeling in aandele.

Dit is heelwat minder as die maksimum marginale koers van 45% en KWB van tot 18%.

Die plan

Goed, kom ons trek die lotjie nou bymekaar.

By aftrede moet jy jou aftreefondsvoordeel (waarby die UA ingesluit is) ge-

bruik om vir jou 'n pensioen mee aan te koop.

Jy kan eenderde in kontant neem, waarvan die eerste R500 000 teen 'n nul-koers belas word (in werklikheid dus belastingvry is). Vat dit.

Ek sal ook voorstel dat jy die maksimum kontant neem tot by die perk waar jy teen 18% daarop belas gaan word. Dit is 'n verdere R200 000 volgens die huidige skaal vir kontantonttrekkings uit 'n aftreefonds.

Hoekom? Omdat jy baie moeilik teen net 18% belas gaan word op inkomste. Koop jy 'n lewende annuïteit met jou aftreegeld is jy verplig om jaarliks tussen 2,5% en 17,5% te onttrek vir inkomste of dan jou pensioen.

Om jou belasting ná aftrede te beperk (en natuurlik ook om jou kapitaal te be-

skerm, maar dis 'n punt vir 'n ander dag) moet jy dus so min moontlik uit jou lewende annuïteit onttrek.

En dit is waar die belastingvrye spaar en die polis inkom.

Jou belastingvrye spaar het al die jare belastingvry gegroei. Al daardie premies wat jy gespaar het oor die jare met die groei daarop is nou vry van belasting beskikbaar as 'n inkomste.

As deel van jou pensioen. En so help dit jou om minder uit jou lewende annuïteit te onttrek en dus minder belasting te moet betaal.

Die polis bied dieselfde voordeel. Al die belasting is reeds in die polis betaal - teen die laer koerse wat ek hierbo noem - en nou kan jy 'n belastingvrye inkomste daaruit onttrek.

En dit, net soos met die belastingvrye spaar waaruit jy inkomste onttrek, help om die belastinggevolge van inkomste uit die lewende annuïteit laag te hou omdat jy minder daaruit hoef te onttrek.

Boedelbelasting?

Die belastingvrye spaar en die polis val in jou boedel vir boedelbelasting.

Deur dus eers hierdie twee bronne te gebruik vir inkomste (wat belastingvry is) verminder jy boedelbelasting en beskerm jy die geld in die lewende annuïteit, wat ná jou dood vry van boedelbelasting vir nasbestaendes beskikbaar is.

Hoe vroeër jy begin met die plan hoe groter die voordeel.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.

Jy kan 'n derde in kontant neem. Vat dit.